Tjokkie WEEKBLAD

6 November 2026 Uitgawe: 5/4/2026

UIT DIE KANTOOR

Hierdie sal die laaste uitgawe van vanjaar se weekblad wees. Dit bevat belangrike inligting vir die res van die skooljaar.

Vir alle praktiese reëlings eindig die jaar se akademiese program vir die seniorfase vandag. Leerders het reeds hul eksamenafbakenings gekry en hersiening is gedoen.

Die eksamen begin op Woensdag, 11 November vir ons Gr. 7-leerders, terwyl die res van die skool op Maandag, 16 November begin. Vraestelle word geskryf tussen 9:00-11:00 soggens en die skool verdaag vanaf 11 November reeds om 12:00 vir alle leerders.

LET WEL:
VERDAAGTYD GEDURENDE EKSAMENTYD
Neem asseblief kennis dat alle leerders gedurende die eksamentydperk om 12:00 sal verdaag.

Geen leerder sal ongelukkig voor 12:00 afgehaal kan word nie, behalwe in uitsonderlike gevalle waar 'n geldige motivering, byvoorbeeld 'n doktersafspraak, aan die kantoor voorgelê word.

Ons versoek ouers vriendelik om asseblief by hierdie reëling te hou. Die gereelde uitroep van leerders deur middel van die interkomstelsel veroorsaak onnodige ontwrigting en plaas addisionele druk op die kantooradministrasie.

Ons vertrou op ons Tjokkie-ouers se begrip, samewerking en ondersteuning om hierdie reëling te respekteer.

Baie dankie vir julle samewerking!

Begrotingsvergadering:

Graag herinner ek net weer ouers aan Maandag, 16 November se belangrike begrotingsvergadering wat in die skoolsaal sal plaasvind. Dit behoort regtig nie baie van u tyd in beslag te neem nie. Ons benodig 'n 10% kworum op die vergadering om die begroting te kan aanvaar en goed te keur.

Handboeke:

Neem asb. kennis dat leerders hul handboeke moet inhandig op die dag wat hul daardie dag se vak skryf. Indien u kind se boek verlore is, sal u as ouer ongelukkig die vervangingskoste daarvan moet dra soos vervat in die skool se handboekbeleid. Kostes van spesifieke handboeke is by Mev. Beaulah du Plessis by ontvangs beskikbaar.

Betaling van skoolgelde:

Baie dankie aan elke ouer wie getrou skoolfonds en nasorg betaal het gedurende 2026.

Daar word in Desember ook skoolfonds en nasorg gehef volgens die skoolgeldbrief wat jaarliks na die begrotingsvergadering uitgestuur word. Skoolfonds en nasorgfooie word verdeel oor 11 maande en daarom word dit ook gehef in Desember. Neem asb. kennis dat debietorders steeds gedurende Desember afgetrek word.

Alle skoolfonds vir 2026 is betaalbaar voor 7 Desember – behalwe as die debietorder se datum anders aandui.

Leerderverslae:

Ouers moet kennis neem dat leerders se rapporte op Woensdag, 9 Desember tussen 7:00-10:00 by u kind se registerklas afgehaal kan word. Indien u nie self dit kan kom afhaal nie, kan u reël dat dit deur iemand anders afgehaal word. Neem asb. kennis dat rapporte van leerders wat uitstaande handboeke het by die kantoor afgehaal moet word. Rapporte sal uitgegee word by die wys van 'n geldige betalingsbewys.

Heropening van skool 2027:
Die skool heropen om 7:30 op 13 Januarie. Graad 1 verwelkoming om 7:45 in die saal. Graad 1-ouers is welkom om dit by te woon.

Klasindelings vir 2027 is reeds afgehandel en **dus word geen versoeke meer hanteer nie**. Leerders in die Grondslagfase sal op 25 November aan hul nuwe klasonderwyser vir 2027 voorgestel word. Seniorfase leerders sal hul indeling ontvang met die afhaal van hul rapporte.

Groet:

Aan al ons Tjokkie-ouers wil ek 'n Geseënde Kersfees toewens en mag 2027 vir almal baie voorspoedig wees. Indien u op die pad gaan wees, ry veilig en kom veilig terug.

Ons het weer 'n propvol 2027 wat voorlê.

Baie dankie aan die personeel van Tjokkies wat getrou elke dag u kind met soveel toewyding en liefde hanteer het. Julle leef voorwaar jul roeping ten volle uit en verdien beslis die ruskans.

Aan die einde van die jaar moet ons ook afskeid neem van personeel wat ons gaan verlaat.

Ons groet vir:

- Juf. Alettha van der Bijl (Gr. 3) wat die afgelope 18 maande in 'n aflosposisie vir ons ingestaan het. Baie dankie vir die ervaring wat Juffrou met ons Tjokkie-personeel gedeel het.
- Juf. Hanlie van Dyk (Gr. 5). Sy en haar man verhuis na Pretoria. Dankie vir die voorvat Voortrekker wat jy was. Ons wens jou en jou gesin net die mooiste toe vir die toekoms.
- Juf. Mianca Opperman (Gr. 5). Mianca tree binnekort in die huwelik en sy en haar man gaan hulle in Pretoria vestig. Dankie vir jou passie vir hokkie wat aansteeklik was.


Die skool wil graag vir mnr. Ruan Stannissis (Pre-Bokke) opreg bedank vir sy waardevolle bydrae tot die ontwikkeling en uitbouing van Tjokkies se rugby oor die afgelope aantal jare. Sy passie, betrokkenheid en kundigheid het 'n besondere rol gespeel in die vestiging en groei van ons rugbyprogram.

Ons waardeer die tyd en energie wat hy in ons leerders en die skool belê het en wens hom alle voorspoed toe met sy toekomstige ondernemings.

BELANGRIKE DATUMS

6 Nov.:	Leerderraad afsluiting
8 Nov.:	Kooroptredes – Beide kore (NG Kerk Pellissier)
9 Nov.:	O/11 Tennisliga vs WP (d)
	Gr. 6-7 Prysuitdeling (18:00)
10 Nov.:	Gr.1 Prysuitdeling (11:00)
	Gr. 2-3 Prysuitdeling (18:00)
11 Nov.:	Eksamen (Gr. 7)
	Gr. 4-5 Prysuitdeling (18:00)
12 Nov.:	Kleuterskool Gradeplegtigheid
23 Nov.:	Leerderraadkamp (2027)
25 Nov.:	Gr. 7 Afskeidseremonie (saal)
	Eksamen eindig

VERJAARSDAE



24 Nov.:	Juf. Yolandé Henderson (RO)
25 Nov.:	Juf. Marika Thompson (Gr. 2)
2 Des.:	Juf. Leonie de Kock (Gr. 1)
3 Des.:	Mnr. Antonie Botha (Gr. 6)
7 Des.:	Juf. Amie van Rooyen (Gr. R)
19 Des.:	Mnr. Henk de Lange (Terrein)

SNUFFELS

Your pets stay happy at home while you are away.

AREAS COVERED

Langenhovenpark
&
Surrounding Areas





Megan's

HOUSE & PET SITTING SERVICES

RELIABLE . CARING . TRUSTWORTHY

RATES

-Overnight care (24 hour stay)
R200 per 24-hour stay
(Depending on how many animals)

-Dog walking (30-60 min) R100 per Walk

-Home Visits R100 per Hour

-Additional pets: + R50 per pet

-Garden watering: Included

SERVICES OFFERED

- Pet sitting (dogs & cats)
- Feeding & fresh water
- Dog walking
- Plant watering
- Daily updates & photos for peace of mind
- Security checks & basic home care
- Litter tray cleaning
- Daily love, attention & playtime

CONTACT ME
078 861 9238
Feel free to message me for availability or any questions.

CANVAS BOEKSAKKIES

Geskik vir Graad 4



R55 elk

R385
per stel van 7

BESKIKBARE KLEURE

- Swart
- Pienk
- Groen
- Rooi
- Turkoois
- Geel
- Lemmetjiegroen
- Pers
- Donkerblou
- Grys
- Oranje
- Ligblou

BESTELLINGS EN NAVRAE
Juf. Lianza
WhatsApp 072 488 9802

BETALING: SLEGS KONTANT

Indien 'n kleur uitverkoop is, kan dit met 'n ander kleur vervang word.

Choose your DANCE Shoes

2027




@DANCE_YOURRHYTHM

HEAVEN'S RHYTHM







066 242 4339